LEWE LIEFDE
NG KERK NEWTON PARK
Ons omarm gebrokenheid in selflose liefde

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Bedienaar van die Woord: Ds Stephan Naudé – Tel: 081 381 3153
Skriba: Me Heleen Schutte – Tel: 041-365 2169
(Kantoorure: Ma. tot Vry. 09h00 tot 11h00)
Koster: Pierre du T Roux – Tel: 083 753 0593

✉ **Posbus 7248 Newtonpark, 6055.** ☎ **041-365 2169;** 🖷 **041-365 2169; Epos:** newtonpark.ngk@absamail.co.za

1 September 2020

Liewe gemeente,

Ek groet julle in die naam van ons God, die Vader, Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees. Ek bedank elkeen van die gemeente wat in hierdie krisistyd saam soek na God se wil en liefde. Ons as kerkraad het beleef hoe u as gemeente, uitkyk vir die kwesbares, in besonder vir vroue en kinders. Ons wil u dank hiervoor, omdat ons besef dit is net vanuit die **genade en liefde van God** wat ons gemeente leef en getuig.

Die afgelope 5 maande het die wêreld rondom ons geskud. Verlies, trauma en die dood het ons skerms en gedagtes oorheers. Die ergste vir my hiervan was dat ons so ver van mekaar moes afstand inneem oor hierdie tydperk. Ek **verlang** na die voordeurkuiers by die kerk, die koffiekuiers by julle huise of die kinderliedjies wat ons saam gesing het.

Die kerkraad het op 25 Augustus 2020 besluit om steeds vir eers nie die eredienste te hervat nie. Alhoewel ons almal daarna verlang om weer bymekaar te kom, word die besluit ondersteun deur ons liefde en beskerming van u, ons lidmate. Dit word voorsien dat die virus steeds verder kan versprei onder ons mees kwesbare lidmate en wil dit so ver moontlik verhoed. Ons **aanlyn eredienste** gaan nog steeds voort en is beskikbaar op Youtube, YouVersion, Facebook (NG Kerk Newtonpark) en ons stuur die klankbaan per sms ook uit.

Ons is van plan om met versigtigheid moontlik kleiner byeenkomste by die kerk te begin soos bv. die Wandel in die Woord, 'n **Ouerskap kursus** DV vanaf die 8ste Oktober. Ons het deel in 'n **breiprojek** om in samewerking met die beweging van "Be the Change NMB" vir die babas in Dora Nginza en Livingstone hospitale booties, mussies en kleertjies te brei. (Meer inligting sal hieroor volg). Ons vra dat die gemeente, nou meer as ooit, vanuit ons visie sal leef, *LEWE LIEFDE*.
1 Johannes 4:7-21, word geskryf aan 'n gemeente wat stry en onseker is oor wie Jesus is en wat Sy dood en opstanding beteken. Johannes verseker die gemeente dat die liefde net uit God kan kom en hierdie liefde word in volheid openbaar deur Jesus se dade, dood en opstanding. As 'n mens sou terugblaai na die Evangelies toe, veral in die geval van die Lukas Evangelie, beleef ons hoe Jesus **"anders leef en optree".** Jesus is die een wat juis die sondaars, die siekes, die kinders en die uitgeworpenes omarm, innooi en liefhê.

Ek wil hierdie boodskap verder steun deur julle aan te moedig en te bemoedig. Die COVID-19 tyd het ons gemeente se identiteit getoets en gaan dit bly toets. Armoede, korrupsie, werkloosheid, geweld en die verlies van geliefdes is aan die orde van die dag. Daarom vra ek julle, smeek ek julle, dat ons vanuit die **liefde van God** sal leef en juis anders moet wees as wat die wêreld van ons verwag. Dit is nou die tyd om God se voorbeeld in Jesus te volg en ons visie en roeping as gemeente werklik uit te leef.

" 'n Lewe van liefde kry betekenis wanneer jy ander met jou gawes dien"

Alhoewel ons nie bymekaar kan wees en mekaar in hierdie liefde kan omarm nie, vra ek dat julle asb. sal help om ‘n span saam te stel wat hiermee kan help. ***Ons benodig*** *mense wat sal saam dink oor die ekonomiese verligting van ons gemeenskap en gemeentelede. Ook mense wat sal help om die COVID-19 maatreëls voor en na erediensheropening in plek te kry of wat bloot bereid sal wees om inligting deur te gee aan die gemeente deur byvoorbeeld ‘n afkondiging/kennisgewing of briefie in ‘n paar posbusse in u omgewing te plaas.* Ons het al u kreatiwiteit en hulp nodig om ons gemeenskap te omarm in liefde soos 1 Johannes daarvan getuig. Dit lê op my hart om ’n **versoek** aan u te rig dat ons nie nou net ‘n voorbeeld vir mekaar moet wees nie, maar ook vir ons gemeenskap wat in nood, verlies en werkloosheid leef. **Kontak** asb vir my of Heleen as van julle kan help.

Verder wil die kerkraad u ook met nederigheid **bedank** vir die getroue, volgehoue finansiële ondersteuning/dankoffers die afgelope tyd. Dit verseker dat ons as personeel, Ek, Heleen, Oom Pierre, Neville en Linda almal steeds maandeliks salaris kon ontvang en die gewone verpligte gemeentelike uitgawes grootliks kon dek. Daarby saam het ons ’n bedrag uit ‘n erflating van ‘n oudlidmaat ontvang, wat aangewend word soos wat sy versoek het. Ons was ook in staat om ‘n paar lidmate en ander behoeftiges se nood tydelik met voedselkoepons uit ons beperkte noodfonds te verlig.

Ons deel ook graag met groot dankbaarheid dat Oom Maritz Gouws die uitgawe gedek het om die **Herinneringsmure** te omhein met palissade. Hierdie verbetering bring groot gemoedsrus aan die onderskeie families en verhoog ook die veiligheid van ons kerkgronde. Kontak asb die koster of die Kerkkantoor vir die slotkode indien u toegang tot die Herinneringsmure verlang.

Dit het ook baie goed gegaan met ons eerste **Deur-ry basaar**. Ons het R7863-65 ingesamel en hoop om weer sulke goeie ondersteuning te verkry met ons volgende verkope veral gesien in die lig dat ons nie meer die huurgeld tov Victory Kids wat ‘n groter perseel gekry het , ontvang nie.

Ons werk te alle tye verantwoordelik met die geld wat u aan ons toevertrou en ook wanneer ons nog steeds ander kerklike bedienings ondersteun, soos die CMR**, Huis Louisa Meyburgh**, die Bybelgenootskap en Maranatha om maar net ’n paar te noem wat ook in hierdie tye swaar trek.

Dit is ook verblydend dat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke ,insluitende die **NG Kerk**, asook die SA Katolieke Biskopdom tans saamstaan om die regering – plaaslik, provinsiaal en Nasionaal - ernstig tot verantwoording te roep ten opsigte van die korrupsie en magsmisbruik. Ons sal later nog meer hieroor hoor.

Vanaf Dinsdag 1 September sal die **Kerkkantoorure** weer soos normaal hervat en elke weeksoggend tussen 09:00 en 11:00 vir die gemeente oop sal wees. Ons wil julle asb. aanmoedig om vir my of die skriba, Heleen, te kontak met enige navrae of ondersteuning.

Ek sluit die brief af met die volgende **gebed** van St Francis van Assisi aan elkeen van julle;

Here, maak my 'n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde bring.
Waar daar oortredings is, vergifnis,
waar daar twyfel is, geloof,
waar daar wanhoop is, hoop.
waar daar duisternis is, lig,
waar daar droefheid is, vreugde.
O, Heilige Meester, gee dat ek,
in plaas daarvan om vertroosting te soek, ander sal vertroos;
om begrip te soek, andere sal verstaan;
om liefde te soek, andere sal bemin.
Want dit is deur te gee, dat ek ontvang;
deur te vergewe, dat ek vergewe word.
En dit is deur te sterwe,
dat ek die ewige lewe beërwe

Al my en Neema se liefde, Groete
Stephan